WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT

WETMAKINGSPROSES

Een van die vernaamste werksaamhede van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement is om wette te maak vir die provinsie Wes-Kaap. ’n Voorgestelde wet staan as ’n Wetsontwerp bekend en kan deur ’n Provinsiale Minister, ’n komitee of Lid van die Provinsiale Parlement ingedien word.

Wanneer ’n Wetsontwerp ingedien word, deurloop dit verskeie stadiums in die Provinsiale Parlement voordat dit wet word. ’n Wetsontwerp moet in elke stadium (dit word ook ’n lesing genoem) goedgekeur word voordat die Wetsontwerp na die volgende stadium kan beweeg. Vir gewone Wetsontwerpe is daar twee stadiums en vir Wetontwerpe oor geld drie stadiums.

Ná indiening word Wetsontwerpe vir ’n eerste maal gelees en eksemplare word aan al die Lede van die Huis versprei. Die Sekretaris van die Provinsiale Parlement publiseer die Wetsontwerp in die *Provinsiale Koerant* en die publiek het 21 dae lank die geleentheid om kommentaar en insette te lewer. Indien ’n Wetsontwerp as dringend geag word, kan die Premier beveel dat die 21 dae publikasietydperk verkort word. Ná die 21 dae oorweeg die toepaslike staande komitee die Wetsontwerp, en hulle neem al die kommentaar in ag wat hulle ontvang het van die publiek en groepe wat ’n belang het by die Wetsontwerp. Die komitee kan ook openbare verhore vra om direkte insette oor die Wetsontwerp van die publiek te kry. Dit verseker dat die Wetsontwerp noukeurig oorweeg word en maak dit moontlik dat soveel insette en kommentaar en so ’n groot deelname as moontlik deur die publiek plaasvind.

Nadat die Wetsontwerp deur die komitee oorweeg is, doen die komitee aan die Huis verslag en beveel aan of die Wetsontwerp goedgekeur, verwerp of met wysigings goedgekeur word.

Die volgende stadium (tweede lesing) handel oor die doelwitte en beginsels van die Wetsontwerp Daar word oor die Wetsontwerp in die Huis gedebatteer. Ná die tweede lesing kan die Wetsontwerp na die tersaaklike komitee terug verwys word vir finale amendemente indien die Huis so versoek. Die Huis kan die Wetsontwerp goedkeur of deur middel van ’n stem oor die Wetsontwerp besluit.

’n Eksemplaar van die Wetsontwerp soos deur die Huis goedgekeur, word na die Premier gestuur vir sy/haar handtekening (bekragtiging). Sodra die Premier ’n Wetsontwerp bekragtig het, word dit ’n Wet van die Provinsie.

Die aanneem van ’n gewone provinsiale Wetsontwerp

Wetsontwerp word opgestel
(deur regeringsdepartement, ‘n lid of staande komitee)

Wetsontwerp word in Parlement ter tafel gelê

Eerste lesing van Wetsontwerp
(gepubliseer in die parlementêre dokument met die naam Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae)

Wetsontwerp word in die *Provinsiale Koerant* vir openbare kommentaar gepubliseer
(publiek het gewoonlik 21 dae om kommentaar te lewer)

Wetsontwerp word na die tersaaklike staande komitee verwys
(komitee kan openbare verhore reël en amendemente aan die Wetsontwerp voorstel)

Komitee lê ’n verslag oor Wetsontwerp aan die Huis voor

Tweedelesingsdebat oor Wetsontwerp

Stemming vind plaas oor Wetsontwerp

Wetsontwerp word deur die Huis aangeneem
(deur ’n meerderheidstem)

Wetsontwerp word deur die Premier geteken en in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer

Wetsontwerp word ’n Wet van die Parlement

Premier verklaar dat Wetsontwerp ’n dringende maatreël is
(Staande Komitee behandel die Wetsontwerp voordat 21 dae verstryk het)-slegs in uitsonderlike gevalle.

Wetsontwerp word deur die Huis verwerp
(Wetsontwerp verval en mag nie weer voor die volgende sessie van die Parlement ingedien word nie)



Posbus 648, Kaapstad
8000, Suid Afrika

PO Box 648, Cape Town
8000, South Africa

PO Box 648, Ekapa
8000, Mzantsi Afrika

www.wcpp.gov.za
+27 21 487 1600

WCPP Poster-Law Making.indd 1 7/30/15 5:08 PM